

**This newsletter is also available in English. Please send email to [rwvs@sun.ac.za](mailto:rwvs@sun.ac.za) to request an English copy.**

- |  |   |
|--|---|
| 1. Ekonomiese Kommentaar: 2007                         | 6. Derde Dimensie Polisse                         |
| 2. Wat staan u in hierdie wispelturige markte te doen? | 7. Bewaring van Aftreevoordele en Bewaringsfondse |
| 3. Beleggings van USAF                                 | 8. Alexander Forbes Online                        |
| 4. Lewensfasemodel & KBO                               | 9. Benoemingsvorms en Voordeelstate               |
| 5. Ongeskiktheidsdekking                               | 10. Trustees van die Fonds                        |

## 1. Ekonomiese Kommentaar: 2007

Die vlakke van plaaslike en oorsese rentekoerse het gedurende die laaste kwartaal van 2007 'n belangrike rol in die ekonomie gespeel. Die tweede helfte van 2007 was uitdagend vir plaaslike sowel as wêreldekonomeë.

Plaaslik is daar kommer ten opsigte van die beduidende styging in die inflasievlakke, met enkele ekonome wat voorspel dat VPI(x) moontlik 8.5% in die eerste kwartaal van 2008 kan haal en vir die res van die jaar bo die beoogde 6%-plafon kan bly. Die belangrikste redes vir die hoë inflasie is hoër voedselpryse, pryse van grondstowwe (olie het \$100 per vat behaal) en beperkinge op kapasiteit in die plaaslike ekonomie (in besonder die lewering van elektrisiteit). Rentekoerse is in Desember met 0.5% verhoog, en die hoë inflasie het druk geplaas vir 'n verdere verhoging vroeg in 2008. Die rentekoers is egter in Januarie 2008 onveranderd gelaat.

Die uitwerking van die opeenvolgende rentekoersverhogings gedurende 2007 op verbruikersgedrag begin nou waarneembaar word. Baie kleinhandelaars rapporteer laer verkope in Desember as in die vorige vyf jaar. Daar is tekens dat die ekonomie heelwat stadiger groei, wat moontlik rentekoersverlagings kan noodsaak om 'n oplewing te bewerkstellig. Politiese onsekerheid kan ook moontlik druk op die ekonomie uitoefen.

Internasionaal is daar steeds kommer ten opsigte van likiditeit as gevolg van die subprima-leningskrisis en die daaropvolgende likiditeitskrisis wat wêreldbanke dwing om hulle rentekoerse te verlaag.

In die Verenigde State is daar kommer dat die ekonomie merkbaar aan die afneem is en moontlik in resessie kan wees. Die sorgwekkende vraag vir 2008 sal wees of groei in opkomende markte die afname in die ontwikkelde lande sal kan teenwerk.

Suid-Afrikaanse hulpbronaandeel het deur die jaar aansienlik beter presteer as finansiële aandele, hoofsaaklik as gevolg van voortgesette hoër grondstofpryse en kommer oor die uitwerking van die subprima-krisis op finansiële dienste maatskappye wêreldwyd. Die opbrengste vir die laaste kwartaal was negatief.

Plaaslike effekte en kontant het albei gedurende die kalenderjaar swakker as die aandele mark presteer, met kontant (9.2%) wat beter as effekte gevaar het.

### Enkele van die hoogtepunte van die laaste kwartaal was:

- **Plaaslike aandele het hulle opwaartse neiging omgeswaai, en -2.97% gelewer, terwyl plaaslike effekte 0.93% opgelewer het.**
- **Wêreldaandele en wêreldeffekte het dieselfde neiging getoon, en is onderskeidelik 2.7% af en 3.0% op.**
- **Die Rand het marginaal teen die Dollar (0.9%) en die Pond (3.18%) versterk, maar teen die Euro verswak (-1.9%).**

Bateklasse	K4 2007	2007	2006	2005	3 jaar tot Des 2007	5 jaar tot Des 2007
Plaaslike aandele	-2.97%	19.19%	41.2%	47.3%	35.34%	29.27%
Plaaslike effekte	0.93%	4.25%	5.6%	10.8%	6.79%	10.63%
Plaaslike kontant	2.48%	9.18%	7.1%	6.6%	7.63%	8.38%
Wêreldaandele	-2.71%	6.38%	33.5%	24.7%	20.97%	12.46%
Wêreldeffekte	2.99%	6.65%	17.8%	6.7%	10.33%	1.88%
Wêreldkontant	-0.04%	1.28%	16.7%	16.4%	11.21%	-1.53%

*Alle opbrengste is op 'n jaargrondslag bereken, is in Rand en is bruto van beleggingsfooie*

## 2. Wat staan u in hierdie wispelturige markte te doen?

Ons sien groot skommeling in die pryse van die bates waarin aftreefondse belê. Onbestendige markte beklemtoon die voordeel van 'n gedissiplineerde aftreebeleggingstrategie. In 'n omgewing soos hierdie, waar wêreldmarkte swaar getref word, verander die fokus van die meeste beleggers van die skep van maksimum rykdom na die behoud van rykdom. Baie sal nou vra – “Is dit moontlik om kapitaal werklik te beskerm?”

Die JSE Alle Aandele-indeks was gedurende Januarie 12% laer as aan die begin van die jaar – en wis so 12 maande se winste uit en bring die indeks terug na nagenoeg dieselfde vlak wat dit in Januarie 2007 was.

Dit is belangrik om te onthou dat onbestendigheid, alhoewel dit groot nuus is, nie die grootste risiko is waarvoor baie fondslede te staan kom nie. Vir baie lede is die grootste risiko die risiko dat hulle langer sal leef as wat hul aftreespaargeld gaan hou. Die skommeling in fondskrediete is 'n onmiddellike vraagstuk, terwyl die risiko van 'n onvoldoende aftreebesparing vir 'n lang lewe geen onmiddellike kommer inhou nie; dit kom eers baie jare ná aftrede na vore, wanneer 'n lid moontlik langer leef as wat sy spaargeld hou.

Tesame met 'n poging om 'n mens se kapitaal te beskerm, kom die koste van 'n laer verwagte opbrengs. 'n Mens voel dalk gemakliker met 'n stabiele opbrengs, maar dit sal nie genoeg wees om aan jou 'n voldoende aftreevoordeel te bied nie.

Baie lede sal die versoeking ervaar om die mark te probeer speel en om tussen verskillende strategieë rond te spring. Hierdie strategie word nie aanbeveel nie, aangesien baie min mense, selfs professionele persone betrokke by beleggings, in staat is om dit suksesvol op 'n volhoubare langtermynbasis te doen.

Kom ons kyk nou na die risiko van onvoldoende aftreebesparing met die heersende onbestendigheid in gedagte, na enkele lesse wat ons geleer het toe markte in die verlede gedaal het, soos byvoorbeeld in 1998 en 2002:

- **Groeibates**, in die besonder aandele, is nodig om die hoër opbrengs wat nodig is om 'n redelike fondskrediet met aftrede te verskaf. Hierdie opbrengs ondervind inderdaad korttermyn-onbestendigheid.
- **Diversifisering is 'n moet**. Fondse belê in 'n verskeidenheid bateklasse om die onbestendigheid wat deur hulle lede ervaar word, te verminder.
- **Geen poging om die mark te probeer speel nie**. 'n Reaksie ná 'n val in die mark sal waarskynlik net verliese vasvang. Die volg van 'n beleggingsplan wat na gelang van lewenstylveranderinge eerder as korttermynmarktoestande verander, is meer gepas.
- **Bring voor-aftreebeleggingstrategieë in lyn met ná-aftreebeleggingstrategieë**, ten einde 'n soomlose oorgang by aftrede te verseker, en maak sodoende die marktoestande ten tye van aftrede baie minder relevant.
- **Beskou tydperke wat volg op skerp daling in 'n positiewe lig**. U volgende bydraes koop in 'n goedkoper mark in, wat groter waarde beteken. U gaan waarskynlik 'n groter opbrengs op hierdie bydrae kry as gevolg daarvan.

Indien u persoonlike omstandighede verander het, of indien u binnekort gaan aftree, is dit belangrik dat u aandag skenk aan u huidige beleggingstrategie en met u finansiële beplanner daarvoor gesels en vasstel of enige verandering nodig is. Vir diene wat nie nou reeds gaan aftree nie, is dit waarskynlik die beste om geduldig te wag!

## 3. Beleggings van die Universiteit Stellenbosch Aftreefondse

Die grootste gedeelte van die Universiteit Stellenbosch Aftreefondse (USAF) se bates word in gebalanseerde markwaardeportefeuljes belê. Allan Gray, African Harvest, Coronation en Investec is die batebestuurders wie aangestel is om die plaaslike gedeeltes van dié beleggingsportefeuljes te bestuur. In Mei 2007, na deeglike oorweging het die Trusteas van USAF besluit om die dienste van Investec en African Harvest te beëindig en twee ander batebestuurders, Foord en Prudential, is in hulle plekke aangestel. Die Fonds se internasionale bates word ten volle deur Allan Gray Orbis bestuur.

Op 31 Desember 2007 was die markwaarde van hierdie portefeuljes soos volg:

Batebestuurder	Plaaslike Bates [Bedrag (% van totaal)]	Internasionale Bates [Bedrag (% van totaal)]	Totaal [Bedrag (% van totaal)]
Allan Gray	R413,067,149 (37.44%)	R184,706,703 (100.00%)	R597,773,852 (46.41%)
Coronation	R298,629,432 (27.06%)		R298,629,432 (23.18%)
Foord	R193,504,762 (17.54%)		R193,504,762 (15.02%)
Prudential	R198,188,723 (17.96%)		R198,188,723 (15.39%)
<b>Totaal</b>	<b>R1,103,390,067 (100.00%)</b>	<b>R184,706,703 (100.00%)</b>	<b>R1,288,096,770 (100.00%)</b>

Die prestasie van die batebestuurders in die USAF portefeulje en die totale Fonds oor verskillende periodes tot 31 Desember 2007 was soos volg:

Batebestuurder	3 maande	1 Jaar	3 Jaar
Allan Gray (Plaaslik)	3.9%	15.4%	31.8%
Coronation	-0.4%	15.0%	27.2%
Foord	-1.9%	Nie beskikbaar	Nie beskikbaar
Prudential	-1.1%	Nie beskikbaar	Nie beskikbaar
SA Large Manager Watch Mediaan	0.0%	15.6%	26.2%
SA Manager Watch Best Investment View Top Kwartiel	0.7%	15.7%	26.9%
Inflasie + 5% <sup>1</sup>	3.2%	13.4%	10.7%
Hooflyn inflasie	2.0%	8.4%	5.7%
Allan Gray (Internasionaal)	1.2%	8.8%	18.3%
Indeks-maatstaf <sup>2</sup>	-1.3%	6.6%	17.7%
Totale Fonds	0.8%	14.6%	26.0%
Global Large Manager Watch Mediaan <sup>3</sup>	-0.2%	14.1%	25.0%

Die Trustees monitor en hersien voortdurend die beleggingstrategie van die Fonds en die batebestuurders en hul prestasies word ook teen die Fonds se kort- en langtermyn doelwitte gemeet.

Sedert 1 April 1999 het die Fonds die Investment Solutions Volvestigende Gewaarborgde Portefeulje (die "Fullvest" Portefeulje) as beleggingsmedium vir die Kapitaalbeskermingsopsie vir lede naby aftrede gebruik. Met effek vanaf November 2004 het die Trustees besluit om eerder van die Investment Solutions Bankerportefeulje gebruik te maak vir hierdie doeleinde. Die tabel hieronder toon die waarde van en netto opbrengs op hierdie twee portefeuljes vir die jaar geëindig 31 Desember 2007:

	Opbrengs	Waarde
Investment Solutions Bankerportefeulje	9.64%	R38,817,085
Investment Solutions Fullvest-portefeulje	20.89%	R10,534,040

#### 4. Lewensfasemodel & KBO

Die Fonds se Trustees het onlangs 'n ondersoek na die Fonds se beleggingstrategie en beleggingsopsies afgehandel waarin daar besluit is om met ingang 1 Januarie 2008 die volgende veranderinge aan te bring:

1. om 'n lewensfasemodel te implementeer; en
2. om sekere veranderinge aan die Kapitaalbeskermingsopsie (KBO) aan te bring.

<sup>1</sup> Gebaseer op November 2007 inflasiesyfers.

<sup>2</sup> Maatstaf word bereken as 70% van die MSCI World Index en 30% van die Global Bond Benchmark. (Die Global Bond Benchmark is die gewegde gemiddeld van 40% Citi WGBI en 60% Lehman Global Aggregate.)

<sup>3</sup> Na voorsiening vir beleggingsfooie.

Die beweegredes vir die veranderinge en die besonderhede van die veranderinge word hier onder uiteengesit.

## HUIDIGE BELEGGINGSOPSIES

Lede van die Fonds word by verstek in die Fonds se Gebalanseerde Portefeulje belê. Die oorgrote meerderheid van lede word tans in hierdie portefeulje belê. Lede kan egter ook kies om van die Individuele Beleggingsplan roete gebruik te maak waar lede met behulp van 'n finansiële adviseur 'n persoonlike beleggingsportefeulje kan saamstel. Laastens het lede wat ouer as 53 is die keuse om hulle fondskrediete gedeeltelik of ten volle in die Kontantportefeulje te belê (die sogenaamde Kapitaalbeskermingsopsie). Sekere kostes en voorwaardes geld indien lede van bogenoemde keuses uitoefen.

## LEWENSFASEMODEL

Volgens moderne finansiële teorie het beleggings in aandele 'n hoër verwagte opbrengs as beleggings in kontant of effekte. Die Trustees het histories 'n beleggingsstrategie gevolg wat aan lede 'n relatief hoë blootstelling aan aandele verskaf het, om sodoende goeie verwagte opbrengste te teiken. Lede is dus by verstek volgens hierdie strategie in die Gebalanseerde Portefeulje belê wat onderliggend tans deur die batebestuurders Allan Gray, Coronation, Foord en Prudential bestuur word.

Portefeuljes met hoë aandele blootstelling lewer egter ook meer wisselvallige opbrengste en groter risiko dat beleggingsopbrengste negatief kan wees, veral oor die korttermyn.


Individue se aptyt vir beleggingsrisiko neem tipies af hoe nader hulle aan aftrede kom. Dit impliseer dat fondskrediete van lede wat ver van aftrede is groter blootstelling aan aandele behoort te hê as lede wat nader aan aftrede is gegee ouer lede se groter risiko aversie.

Soos lede ouer word en aftrede nader, word die risiko ook groter dat enige negatiewe bewegings in batewaardes gerealiseer gaan word by aftrede al mag sodanige beweging slegs 'n tydelike afwyking van die verwagte langtermyn opbrengs van 'n belegging wees.

Gegewe die bogenoemde faktore, het die Trustees besluit om 'n **lewensfasemodel** te implementeer. Volgens die model sal lede aanvanklik in 'n groei georiënteerde portefeulje (die Gebalanseerde Portefeulje) belê word en geleidelik na minder wisselvallige bates (die Kontantportefeulje) geskuif word soos hulle die verwagte aftreedatum nader.

Die Trustees het verskillende modelle ondersoek en na deeglike oorweging en inaggenome die verandering in die Universiteit se aftreebeleid, is daar op die onderstaande lewensfasemodel besluit:

- Die model sal by verstek vanaf 1 Januarie wat volg op 'n lid se 62ste verjaarsdag geïmplementeer word, d.w.s. 3 jaar voor die 31ste Desember wat volg op u 65ste verjaarsdag.
- Oor die loop van die 3 jaar sal 4% van u totale fondskrediet kwartaalliks vanuit die Gebalanseerde portefeulje na die Kontantportefeulje geskuif word. Dit kan met die volgende grafiek geïllustreer word:



- Die teikenportefeulje by aftrede is 52% in die Gebalanseerde Portefeulje en 48% in die Kontantportefeulje.
- Vir lede wat 63 of ouer word in 2008 sal die eerste skuif van bates egter eers op 1 April 2008 plaasvind.
- U kan te enige tyd kies om nie aan hierdie stelsel deel te neem nie, maar indien geen keuse uitgeoefen word nie, sal die skuiwe outomaties plaasvind.
- Bydraes na die Fonds sal volgens die bostaande tabel tussen die Gebalanseerde Portefeulje en Kontantportefeuljes belê word.
- Daar is geen verhoging in administrasiekoste verbonde aan die implementering van die model nie.

Om op te som - wanneer u by die Fonds aansluit en indien u jonger as 62 is, sal u bydraes outomaties in die Gebalanseerde Portefeulje belê word, tensy u gekies het om:

- van die Individuele Beleggingsplan gebruik te maak; of
- indien u ouer as 53 is, 'n ander allokasie tussen die Gebalanseerde Portefeulje en die Kontantportefeulje gekies het.

Wanneer u ouderdom 62 bereik en steeds geen ander opsies uitgeoefen het nie, sal die lewensfasemodel outomaties in werking tree.

U sal in die jaar waarin u 62 word ingelig word dat u aan die begin van die volgende jaar by verstek in die lewensfasemodel sal deelneem tensy u die opsie om 'n ander strategie te volg (insluitend om ten volle in die Gebalanseerde Portefeulje belê te bly) uitoefen. U kan nie kies om op 'n ander ouderdom aan die lewensfasemodel deel te neem nie, maar kan egter self kwartaallikse skuiwe maak om byvoorbeeld u eie lewensfasemodel te repliseer.

## KAPITAALBESKERMINGSOPSIE

Met in agneming van die implementering van die lewensfasemodel het die Trustees besluit dat die Kapitaalbeskermingsopsie vanaf 1 Januarie 2008 as volg sal werk:

- U kan na u 53ste verjaarsdag kies om 'n gedeeltelike of volledige skuif tussen die Gebalanseerde Portefeulje en die Kontantportefeulje te maak.
- Skuiwe word uitgevoer aan die einde van die maand waarin 'n keuse gemaak word.
- Na u egter 'n skuif gemaak het, word u eers weer 3 maande na sodanige skuif geregtig om weer 'n skuif te maak.
- Die beperkings is in plek gestel om lede te ontmoedig om oormatige korttermyn skuiwe tussen die Gebalanseerde Portefeulje en die Kontantportefeulje te maak, maar om terselfdertyd buigsaam genoeg te wees om lede in staat te stel om die lewensfasemodel vanaf 'n vroeër ouderdom te repliseer indien u byvoorbeeld beplan om vroeër af te tree.

## 5. Ongeskiktheidsdekking

As gevolg van die verandering in die US se aftreebeleid is daar oorweging geskenk om die maksimum duur van die ongeskiktheidsdekking van ouderdom 60 tot ouderdom 65 verleng. Daar is aanvanklik verwag dat dit tot 'n styging in die koste van die ongeskiktheidsdekking sou lei.

Ten spyte van die verbetering in die ongeskiktheidsvoordele het die US se versekeraar, Capital Alliance, aan die einde van 2007 besluit om die risikopremie marginaal te verlaag! Die verlaging was moontlik as gevolg van die US se goeie eise ervaring en fel kompetisie in die versekeringsmark.

Dit is dus verblydend om aan u te kan noem dat die US die maksimum duur van die ongeskiktheidsdekking tot 65 jaar kon verleng sonder om die premiekoste te laat styg. Bogenoemde verbetering in dekking het op 1 Januarie 2008 in werking getree.

## 6. Derde Dimensie Polisse

Derde dimensie polisse is in die verlede aan lede gebied om sekere belastingvoordele wat met die oordragte uit die PGI Fonds ontstaan het, te benut. Daar is 'n aantal lede met sulke polisse by Sanlam, Ou Mutual en Investment Solutions en hierdie lede kan hul poliswaardes bekom deur gebruik te maak van die volgende webblaaie op die internet:

Lede met 3D polisse by **Sanlam**:

Gaan na [www.sanlam.co.za](http://www.sanlam.co.za) en klik op “Investment Funds” onder “Daily Prices”. Klik dan op “Stratus”. ’n Bladsy sal oopmaak met die eenheidspryse van verskeie polisse. Neem die eenheidsprys vir u spesifieke polis wat gegee word onder die kolom genaamd “Retirement Fund” en vermenigvuldig dit met die aantal eenhede wat verskyn op die staat wat oorspronklik aan u uitgereik is.

Lede met 3D polisse by **Ou Mutual**:

Gaan na [www.fairbairncapital.com](http://www.fairbairncapital.com) en klik op “Products & Funds”, “Fund options”, “Price summary” en “Ifrontiers Local”. ’n Bladsy sal oopmaak met die eenheidspryse van verskeie polisse. Neem die eenheidsprys vir u spesifieke polis wat gegee word onder die kolom genaamd “Retirement Fund” en vermenigvuldig dit met die aantal eenhede wat verskyn op die staat wat oorspronklik aan u uitgereik is.

Lede met 3D polisse by **Investment Solutions**:

Gaan na [www.investmentsolutions.co.za](http://www.investmentsolutions.co.za). Klik op “LOGIN” heel links bo-aan die bladsy, en dan op “Individual Investor Login”. Tik dan u “Pin” en “Password” in en klik op “Submit”. Dit sal u lei na ’n bladsy waarop u persoonlike poliswaarde uiteengesit word. Indien u egter nog nie voorheen u poliswaarde op hierdie webwerf nageslaan het nie, sal u Investment Solutions se Kliëntedienssentrum moet bel by 0860 001 750 of vir hulle ’n e-pos moet stuur by [info@ishltd.co.za](mailto:info@ishltd.co.za) om u persoonlike pinnommer en wagwoord te kry.

## 7. Bewaring van Aftreevoordele en Bewaringsfondse

Die Alexander Forbes Manager Watch™ oorsigte het ’n paar interessante en belangrike statistieke rakende die bewaring van aftreevoordele wat met bedanking en onttrekking uit aftreefondse gepaard gaan, uitgelig:

- Baie min lede bewaar hulle aftreevoordele wanneer hulle onttrek;
- Die lae koerse waarteen daar bewaar word het baie swak aftreevoordele tot gevolg; en
- Dit is baie moeilik om die agterstand in te haal wanneer aftreevoordele onttrek is.

**Netto vervangingsratio: Dit verwys na die persentasie van finale salaris wat ’n lid na aftrede met sy/haar aftreevoorsiening kan vervang.**

Om die impak van die lae koerse van bewaring te illustreer, het Alexander Forbes ’n lid gemodelleer wat vanaf ouderdom 25 tot ouderdom 60 tot ’n fonds bydra, waar die netto aftreevoorsiening (na kostes) 11.65% van salaris was. In hierdie model, met die aanname dat die lid alle aftreevoordele ten volle bewaar, was die netto vervangingsratio 70% van salaris. Die model is toe aangepas om die werklike bewaring van onttrekkingsvoordele te toon. Die resultate was soos volg:

- Gebaseer op werklike gemiddelde bewaringskoerse van laer-inkomste lede het die netto vervangingsratio tot 15.4% geval, ’n verlaging van 78%!
- Gebaseer op werklike gemiddelde bewaringskoerse van hoër-inkomste groepe het die netto vervangingsratio tot 23.8% geval, ’n verlaging van 66%!

Hierdie syfers beklemtoon die belangrikheid daarvan om aftreevoordele te bewaar wanneer u ’n fonds verlaat en om vir aftrede te spaar voordat dit te laat is.

Alexander Forbes het ook die impak van vroeë aftrede op ’n lid se netto vervangingsratio by aftrede ondersoek. Een van die belangrikste bevindinge was dat ’n lid met 20 jare diens kan verwag om sy/haar netto vervangingsratio met sowat 40% te verhoog deur aftrede vir 4 jaar uit te stel. Dit kan toegeskryf word aan ’n verlaging in annuïteitskoste soos lede ouer word en die addisionele besparing wat gedurende die periode ooploop.

Die hoofredes vir lae vervangingsratio’s by aftrede is:

- Die besluit om vroeg af te tree; en
- Die relatiewe kort dienstdynerk wat ’n lid by sy finale werkgewer het, indien fondsvoordele van vorige werkgewers se fondse nie bewaar was nie.

Die Alexander Forbes Member Watch™ oorsigte is op die US se intranet beskikbaar.

## Bewaringsfondse

Meeste lede verkies bewaringsfondse wanneer hulle van hulle werkgewer se aftreefondse onttrek en besluit om hulle fondsvoordele te bewaar. Bewaring is 'n baie goeie idee, maar daar is 'n paar reëls waarvan lede bewus moet wees:

- 'n Lid mag slegs sy/haar voordeel na 'n bewaringsfonds oorplaas waarin sy/haar huidige werkgewer, **voor die lid se diensverlating**, as 'n deelnemende werkgewer geregistreer is.
- 'n Lid het 6 maande na die datum van diensverlating om sy/haar keuse van bewaringsfonds aan te dui. Die voordeel mag slegs na een bewaringsfonds oorgedra word, d.w.s. dit kan nie verdeel word nie, en geen deel daarvan kan in kontant geneem word nie.
- Nadat die voordeel na 'n bewaringsfonds oorgedra is, is dit moontlik om voor aftrede 'n gedeelte daarvan of die volledige voordeel te onttrek. Hierdie onttrekking sal belasbaar wees en die opsie om voor aftrede 'n onttrekking te maak is net een keer beskikbaar.
- Dit is moontlik om voordele tussen bewaringsfondse oor te dra, maar die koste daarvan moet in ag geneem word.
- Indien 'n onttrekkende lid graag sy/haar voordeel na 'n spesifieke bewaringsfonds waaraan sy/haar werkgewer nie deelneem nie, wil oorplaas, moet daar gereël word vir die werkgewer om te registreer, **voordat die lid diens verlaat**. Daar is geen beperking op die aantal bewaringsfondse waaraan 'n werkgewer mag deelneem nie en deelname dra ook geen finansiële implikasies vir die werkgewer nie. Dit is nie 'n moeilike of lang proses vir die werkgewer om as deelnemende werkgewer te registreer nie.

## 8. Alexander Forbes Online

Alexander Forbes Online is ontwikkel om lede in staat te stel om toegang te verkry tot inligting en waardes van hul fondskrediete, beleggings, versekering en verwante dienste en produkte via die internet. Die webwerf bied aan lede maklike navigasie, funksionaliteit en toegang tot relevante inligting en opvoedingkundige materiaal. Lede moet registreer om toegang tot die webwerf te verkry. Meld eenvoudig aan by [www.afonline.co.za](http://www.afonline.co.za) en kies "register" vir toegang. U sal maklike stap-vir-stap inligting vind wat u deur die proses lei. Die doel van AF Online is om te voldoen aan die behoefte van lede om gereedlike toegang tot hul maandelikse opgedateerde fondswaardes te hê en u word graag genooi om van hierdie gratis diens gebruik te maak.

## 9. Benoemingsvorms & Voordeelstate

Aangesien die omstandighede binne 'n gesin kan verander, word alle lede aangeraai om gereeld hul sterftevoordeelbenoemings na te gaan, en 'n nuwe vorm in te vul, indien nodig.

Voordeelstate soos op 31 Desember 2007 is reeds uitgestuur aan alle lede. Lede word versoek om hul state noukeurig na te gaan.

Enige vrae in verband met benoemingsvorms of voordeelstate kan aan Mnr Robert van Staden gerig word by 021 808 4822 of [rwvs@sun.ac.za](mailto:rwvs@sun.ac.za).

## 10. Trustees van die Fonds

Die volgende persone dien tans op die Raad van Trustees:

### Werkgewerverteenwoordigers

Prof JU de Villiers

Prof N Krige

Prof JF Smith

Mnr PG Steyn (Voorsitter)

### Werknemerverteenwoordigers

Mnr WJ Adonis

Mnr L Burrows

Mnr PW Kloppers

Mnr BJ Mellor

Mnr G de Jongh

Mnr Japie Kotzé is die Hoofbeampte van die Fonds en sy kontaknommer is 021 808 2754.